# Melaatsheid en MESSIAANSHEID

Markus 1:32-45



# GEBED



# MARKUS 1:32-34

32 Toe dit aand word en die son reeds onder was,
het hulle almal wat siek en deur demone besete
was, na Hom gebring. 33 Die hele dorp het by die
deur saamgedrom. 34 Hy het baie siekes met
allerlei kwale gesond gemaak en baie demone
uitgedryf. Hy het die demone nie toegelaat
om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.

# MARKUS 1:35-39

[35]Vroegoggend, toe dit nog stikdonker was, het Hy
opgestaan, buitentoe gegaan en na 'n verlate plek
vertrek. Daar het Hy gebid. [36]Simon en dié saam met
hom het agter Hom aan gegaan. [37]Toe hulle Hom kry,
sê hulle vir Hom: **“Almal soek U.”** [38]Maar Hy sê vir hulle:
“Laat ons êrens anders heen gaan, na die naburige
dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want
daarvoor het Ek gekom.”[39] En Hy het deur die hele
Galilea gegaan, in hulle ·sinagoges gepreek en demone
uitgedryf.

# MARKUS 1:40-43

40 'n Melaatse kom toe na Jesus, en terwyl hy
neerkniel, smeek hy Hom en sê: "As U wil, kan U my
rein maak." 41 Jesus het hom innig jammer gekry, sy
hand uitgesteek, hom aangeraak en vir hom gesê:
"Ek wil, word rein!" 42 Die melaatsheid het hom
onmiddellik verlaat en hy het rein geword. 43 Jesus
het hom ernstig gewaarsku, hom dadelik
weggestuur

# MARKUS 1:43-45

44 en vir hom gesê: "Sorg dat jy vir niemand iets
vertel nie, maar gaan wys jouself vir die priester, en
bring die offer vir jou reiniging wat Moses
voorgeskryf het as bewys vir hulle." 45 Maar hy het
weggegaan en begin om dit wyd en syd te vertel en
die nuus te versprei. Die gevolg was dat Jesus nie
openlik in 'n dorp kon ingaan nie, maar buite in
verlate plekke gebly het. Steeds het mense van oral
af na Hom toe bly kom.

# WEGSENDING



# Melaatsheid en MESSIAANSHEID

Markus 1:32-45

